# GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

## HANDELINGE

## VAN DIE SES EN VEERTIGSTE NASIONALE SINODE IN POTCHEFSTROOM OP 6 JANUARIE 1997 EN VOLGENDE DAE

### 1. AMPTELIKE OPENING

1.1 *Opening* - Roepende Kerkraad (Art.1)

Die Voorsitter van die Roepende Kerkraad, dr. B.J. de Klerk, open die vergadering deur Ps.138:1, 3 en 4 te laat sing, Ef 3:14-4:3 te lees, 'n gepaste woord uit hierdie gedeelte te bespreek en daarna voor te gaan in gebed.

1.2 *Verwelkoming* (Art.2)

Namens die Roepende Kerkraad word al die besoekers hartlik in Potchefstroom verwelkom. Alle emeriti, professore en besoekers word ook verwelkom.

1.3 *Konstituering* (Art.3)

1.3.1 Vasstelling volgens kredensiebriewe

Die presensielys word saamgestel uit die volgende aanwesige Deputate, almal primi behalwe waar anders aangedui:

*Partikuliere Sinode Namibië*

| **Predikante** | **Ouderlinge** |
|---|---|
| Ds. L.S.D. du Plessis | Oudl. G.M. Steyn |
| Ds. H. Reinecke | Oudl. A. Horn |
| Ds. R.J.P. du Plessis | Oudl. P.I. Labuschagne |
| Dr. W.C. Opperman | Oudl. J.P. Esterhuyse |
| Ds. H.L.J. Momberg | |
| Ds. L.J. Buys | |

*Partikuliere Sinode Noord-Transvaal*

| **Predikante** | **Ouderlinge** |
|---|---|
| Ds. A.Z. Pelser | Oudl. W.J. Cilliers |
| Ds. P.A. Smit | Oudl. H. Goodchild |
| Ds. L.D. Aucamp | Oudl. J. Berghout |
| Ds. A. Myburg | Oudl. E.D. Ras |
| Ds. J.P. Coetzee | Oudl. J.J. Nel (sek) |
| Dr. H.G. Stoker | Oudl. G. Oosthuizen |
| Ds. H.B. van der Walt | Oudl. A.S. du Plessis |
| Dr. D.G. Breed | Oudl. J.F. Welding |
| Dr. J.L. Venter | Oudl. W.J. Snyman |
| Dr. N.P. Heystek | Oudl. F.K. van Schalkwyk |
| Ds. S.A. Cilliers | Oudl. P.J. van Eeden |
| Dr. T. van der Walt | Oudl. J.A.E. de Beer |
| Dr. P.P. Kruger | Oudl. J.R. Boot |
| Ds. S.D. de Kock | Oudl. J.H. Stronkhorst |

Ds. L. v.d. M. Vogel

*Partikuliere Sinode Noordwes*

| **Predikante** | **Ouderlinge** |
|---|---|
| Dr. J.L. Ras | Oudl. A.J. de Klerk |
| Dr. S.J. van der Merwe | Oudl. C.D. Kruger |
| Ds. D. Lartz | Oudl. S.R. Kruger |
| Dr. P. Krüger | Oudl. F.A. van der Walt |
| Ds. J.P.B. van der Walt | Oudl. T.J. Duvenhage |
| Ds. G.J. Ligthelm | Oudl. J.J. Howell |
| Ds. J.D. Venter | Oudl. J.F. du Toit (sek) |
| Ds. J.C. Erasmus | Oudl. L.A. de Bruyn |
| Ds. A.B. van der Walt | Oudl. G.J.W. Coetzee |
| Dr. F.R.P. de Bruyn | Oudl. N.J. Ranft (sek) |

*Partikuliere Sinode Oos-Transvaal*

| **Predikante** | **Ouderlinge** |
|---|---|
| Dr. D.J.S. Steyn | Oudl. J.A. de Jongh |
| Ds. L.H. van Schaik | Oudl. C.J.S. van der Linde |
| Dr. J. Visser | Oudl. G.C.B. Vilonel |
| Dr. M.J. du Plessis | Oudl. F.J. Viljoen |
| Ds. F.J. van Deventer | Oudl. J.L. Steyn (sek) |
| Ds. D. Laufs | Oudl. P.C. Oosthuizen |
| Ds. F.J. du T. Lessing | Oudl. E.S.L. Dormehl (sek) |
| Ds. P.J. van der Walt | Oudl. T.F. Snyman |
| Ds. C.J.H. Breed | Oudl. H.H. Wright (sek) |
| Ds. E.J. Tiemensma | Oudl. L. Lessing |
| Ds. J.P. Bingle | Oudl. J.D. de Villiers (sek) |
| Dr. G. Breed | Oudl. S.J. Kruis |
| Ds. T.A. Liebenberg | Oudl. B.J. Coetzee |
| Ds. M.P. Fourie | |
| Ds. J.J. de Klerk | |
| Ds. C. Kruger | |

*Partikuliere Sinode OVS en Natal*

| **Predikante** | **Ouderlinge** |
|---|---|
| Ds. D. Postma | Oudl. A.J. van Wyk |
| Ds. D.J. Malan | Oudl. J. Snyman |
| Ds. H.J.P. de Beer | Oudl. T.J. van der Walt |
| Ds. P.J. van der Walt | Oudl. H.J. Schoeman (sek) |
| Ds. J.B. du Plessis | Oudl. T.M. Buys |
| Ds. J.P. van der Walt | Oudl. N.J. Pretorius (sek) |
| Ds. J.J. de W. Kruger | Oudl. P. van der Wateren (sek) |
| Ds. T. Kruger | Oudl. J.M. Earlé |
| Ds. P.A. Coetzee | Oudl. I.J. Knoesen (sek) |
| Ds. S.D. Snyman | Oudl. B.G. Maré |
| Ds. A.L. Coetzer | Oudl. L.J. Prinsloo (sek) |

| | |
|---|---|
| Ds. C.S. Grobler | Oudl. A.J. Burger |
| Ds. A.P. Krüger | Oudl. S.C. van der Walt |
| Ds. R.L. Vorster | Oudl. W.J. van der Walt |
| Ds. W. Vogel | Oudl. S.C. Heystek |
| Ds. C.G. van der Merwe | Oudl. B.J. Kemp |

*Suidelike Partikuliere Sinode*

| **Predikante** | **Ouderlinge** |
|---|---|
| Dr. P.W. Bingle | Oudl. H.J. Scheeres |
| Dr. F. van der Walt | Oudl. W.D. van der Walt |
| Ds. T.J. Potgieter | Oudl. G.J. Swanepoel |
| Dr. A.N. Helberg | Oudl. B.V. Coetzee |
| Ds. R.G. Aucamp | Oudl. L. van der Walt |
| Ds. J. Lion-Cachet | Oudl. W. van der Walt |
| Ds. P.K. Lourens | Oudl. C. Potgieter |
| Ds. J.L. van der Schyff (sek) | Oudl. K.J. van der Berg |
| Ds. W.J. Fourie | Oudl. J.C. du Plooy |
| Dr. H.A. van Dalsen | Oudl. J.H. van Wyk |
| Ds. A.J. du Plessis | Oudl. M.J. Hutcheons |
| Ds. J.L. du Plooy | Oudl. J.F. van der Walt |
| Ds. J.L. Myburg | |
| Ds. C.A. Jansen (sek) | |
| Ds. J. Malan | |
| Ds. J.A. Schutte | |

*Partikuliere Sinode Wes-Transvaal*

| **Predikante** | **Ouderlinge** |
|---|---|
| Ds. G.N.V. Botha | Oudl. T. Larney |
| Dr. A.G.S. Venter | Oudl. I.L.J. van Vuuren |
| Ds. A.H. Mulder | Oudl. A.J. du Plessis |
| Ds. P.W.A. Mulder | Oudl. P.J. Snyman (Flip) (sek) |
| Dr. C.F.C. Coetzee | Oudl. M.C. Hattingh |
| Dr. B.J. de Klerk | Oudl. K.S. Haarhoff |
| Ds. C. Aucamp | Oudl. P.G.W. Roets |
| Ds. G.J. van Wyk | Oudl. J.H. Grobler |
| Dr. C.J. Smit | Oudl. A. Juyn |
| Dr. S.J. van der Walt | Oudl. J.P. Aucamp |
| Dr. I.L. Bekker | Oudl. G.J.H. Scholtemeijer |
| Ds. P. Venter (sek) | Oudl. P.J. Snyman (Paul) |
| Ds. H.M. Grobler | Oudl. P. Buizer |
| Ds. J.P.L. van der Walt | Oudl. J. Kruger |
| Ds. L. du P. van der Vyver (sek) | Oudl. S.P.J. van Vuuren |
| Ds. P.P. Kruger (sek) | |

1.3.2 Primi afgevaardigdes wat later gekom het na instemming met die Openlike Verklaring:

1.3.3 Sekundi afgevaardigdes wat later gekom het na instemming met die Openlike Verklaring:
1.3.4 Adviseurs: Proff. J.C. Coetzee, P.J. de Bruyn, F. Denkema, A. le R. du Plooy, J.J.J. van Rensburg, G.J.C. Jordaan, J.H. van Wyk, C.J.H. Venter en J.M. Vorster.
1.4 *Verkiesing van Moderamen* (Art.4)
Die Moderamen word per geslote stembriewe soos volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dr. J. Visser |
| Ondervoorsitter | Dr. T. van der Walt |
| Skriba | Ds. D. Postma |
| Adjunk-skriba | Dr. C.F.C. Coetzee |

1.4.1 Dankwoord van Moderamen (Art.5)
Die Voorsitter, dr. J. Visser bedank die vergadering vir die vertroue gestel in die verkose Moderamen en spreek die bede uit dat die Here hierdie moeilike Sinode kennelik deur sy Woord en Gees sal lei in oorweging en besluitneming.
1.5 *Openlike verklaring* (Art.6)
Die Voorsitter lees die Openlike verklaring en die hele vergadering betuig staande instemming daarmee.
1.6 *Verwelkoming deur Moderamen* (Art.7)
Die Voorsitter verwelkom al die afgevaardigdes, in die besonder hulle wat die eerste maal sitting neem, al die professore wat as adviseurs hier is, alle emerituspredikante en -professore, verteenwoordigers van buitelandse en binnelandse kerke waaronder veral ds. P. Busstra van die NGK (Nederlands Gereformeerde Kerken), ds. A. Modise van Sinode Middellande en dr. Kobus Victor van Bybelmedia.
Verder: die Direkteur van die Admin. Buro, br. H.S.J. Vorster, mnr. Eugene Yssel van Beeld, dr. Andre Bartlett wat nuusdekking vir *Die Kerkbode* behartig, die kosters, brs. L. Venter en J. van Heyningen en alle ander besoekers.
1.7 *Godsdiensoefening en Groete* (Art.19)
Prof. F.N. Lion-Cachet gaan voor in Godsdiensoefening nadat hy deur die Voorsitter verwelkom is.
Hy lees gedeeltes uit Amos 7, 8 en 9 en met verwysing na die gesig van die skietlood, beklemtoon hy dat die Here sy kerk meet, maar ook groot genade betoon in die oprigting van die"vervalle hut van Dawid". So sal Hy sy kerk voer tot die bestemming wat Hy daarvoor gestel het.
Hy laat sing Ps.51:1 en 8 as voorsang tot die gebed en na die gebed Sb.10:1-6 as oorwinningslied.
Die Voorsitter bedank hom.
Die Voorsitter verwelkom vervolgens die Kapelaan-generaal van die Weermag, Ds. H. de Witt, wat by hierdie geleentheid ook teenwoordig is asook die Rektor van die PU vir CHO, prof. C.J. Reinecke.

Dr. S.J. van der Merwe stel ds. A. Modise aan die Sinode voor en hy word deur die Voorsitter aan die woord gestel om groete namens Sinode Middellande oor te dra.
Ds. D. Postma lees die groeteboodskappe voor vanaf dr. D.J.C. van Wyk namens die Hervormde Kerk van Afrika en van ds. F. Swanepoel namens die Nederduitsche Gereformeerde Kerk. Daarna spreek hy woorde van dank teenoor hulle asook teenoor ds. A. Modise.

## 2. AFGEVAARDIGDES ANDER KERKE/SINODES, GROETES ENS

2.1 *Groeteboodskappe*

2.1.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk - Ds. F. Swanepoel

Namens die Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk groet ek u met die woorde van 2 Pet 1:2:
*Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here.*
Ontvang asseblief die waardering vir die rol van die Gereformeerde Kerke om die belydenis van Jesus Christus as die enigste Here in ons leefwêreld uit te dra. Weereens kan ons getuig van hartlike samewerking op vele kerklike terreine en in vele amptelike vergaderings. Dit is ook aangenaam om te getuig dat die ontmoetings altyd in 'n Christelike gesindheid plaasgevind het. In hierdie verband word die vertroue uitgespreek dat die gedagte aan 'n Konvent nuwe deure van skakeling en samewerking sal open.
Die Bybelse opdrag om die gegewe eenheid in Christus sigbaar te maak moet altyd by Gereformeerdes hoë prioriteit geniet. Die kerktorings van drie Afrikaanse gereformeerde kerke wat 'n klipgooi van mekaar af staan getuig teen ons. Onder die lidmate van die drie Afrikaanse kerke ervaar ek 'n groter behoefte en erns om nader aan mekaar te beweeg. Mag ons as kerke van die Here die krag van Bo kry om positiewe stappe te neem om meer van die eenheid in Christus te vertoon voordat ons deur omstandighede daartoe gedwing word.
Een van die gemeenskaplike probleme wat ons as kerke moet aandurf, is die ontkenning van Christus in die samelewing. Die owerheid het gekies om neutraal te staan teenoor die Christelike godsdiens en daarmee saam word Christelike waardes ontken. Daarmee word die verantwoordelikheid vir die handhawing van Christelike waardes volledig op gemeentes en gelowiges geplaas. Die wyse waarop pornografie deur die optrede van Christene onder druk geplaas is, het egter bewys dat daar nuwe moontlikhede is om met krag kerk van Christus te wees. Ek glo dat kerke van gereformeerde belydenis en Christelike kerke mekaar hierin veel sterker kan ondersteun.

Op die terrein van die gemeentelike bediening, liturgie en geestelike belewenis is daar groot veranderings wat plaasvind. Hieroor kan daar dankbaarheid wees vir positiewe ontwikkelings maar ook bekommernis oor mensgerigte verwikkelings. Mag ons as gereformeerdes bereid wees om van mekaar te leer hoe ons die bedieningstyl sinvol kan aanpas sodat alle groepe in die gemeente vir die Here opgebou kan word.
Graag bid ons u die wysheid van Bo toe in al u beraadslagings. Mag die Heilige Gees u lei om besluite te neem wat tot eer van die Here is en wat deur lidmate met entoesiasme toegepas kan word.

2.1.2 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika - Dr. D.J.C. van Wyk

Tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was daar gedurende die afgelope bykans 140 jaar oor die algemeen 'n gesonde verhouding. Daar is baie min, indien enige, voorbeelde van twis en bitterheid.
Die gesprek op die Tussenkerklike Kommissie die afgelope vyftig jaar het wel bepaalde teologiese verskille en verskillende aksente na vore gebring. Die belangrikheid van dié aksente word verskillend beoordeel. Maar hoe dit ook al sy, die gesprek het dit duidelik laat word dat spoedige eenwording tussen die Afrikaanse Kerke 'n illusie is. Tans word op die TKK besin oor hoe en waaroor die gesprek verder sinvol voortgesit kan word.
Die saak wat hom die sterkste na vore dring, is dat vanuit die TKK deur die Afrikaanse Kerke nou baie sterker as in die verlede eendragtige getuienis oor akute openbare vraagstukke teenoor owerheid en onderdaan gelewer moet word. Die stem van die kerk moet in die huidige landsituasie baie sterker gehoor word. Indien die TKK wat samestelling en struktuur betref nie daarvoor gerat is nie, moet die nodige verskuiwings gemaak word. Op hierdie unieke historiese moment in die geskiedenis van kerk en wêreld onderweg na die koms van Jesus Christus, groet ons nog 'n keer die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Ons bid en vertrou dat u die ryke seëninge van God tydens u hele Sinodesitting sal ervaar.

2.1.3 Sinode Middellande - Ds. A. Modise

Dankie vir die geleentheid om namens Sinode Middelland aan u groete oor te dra.
Wanneer ons groet vra ons altyd die vraag, hoe gaan dit? Die antwoord is: Dit gaan goed. Somtyds gaan dit egter nie waarlik goed nie.
U sal verstaan wat ek wil benadruk. Ja dit gaan goed met Sinode Middellande, alhoewel dit nie regtig goed gaan nie, byvoorbeeld meeste van ons gemeentes is vakant as gevolg van gebrek aan finansies. As die kerk nie te doen gehad het met geld nie, sou dit baie goed gegaan het, met die kerke. Maar geld is alles. Ek wil nie

eers oor die kriminele aspek praat nie. Ons lewe net verby die dood. Dink aan ons in u gebede.
Sinode Middellande het aan u Sinode ‘n paar versoeke gestuur. Ons hoop dat u regte besluite daaroor sal neem.
Ons wil u ook dank vir die goeie samewerking wat ons van u verskillende deputate kry, en ook die samewerking van u verskillende plaaslike gemeentes.
Namens Middellande wil ek u vergadering Goddelike seëninge toebid, soos ons dit in Psalm 134:4 besing word.
Ons weet dat u besluite sal moet neem. Ons dink aan u in ons gebede om die regte besluite te neem, wat nie net die mense tevrede stel nie, maar wat volgens die Woord van God is.

2.1.4 Teologiese Skool Potchefstroom - Rektor, Prof. A. le R. du Plooy

Van die kant van die Teologiese Skool groet ons u - nie asof ons bestaan buite of los van die kerke wat hier in Sinode vergader nie, maar juis as die skool van die kerke en vir die kerke.

*Belydenis*

Ek wil u verseker dat ons ons taak verrig om voornemende bedienaars van die Woord op te lei met die wete of belydenis: dat ons bekwaamheid van God kom. Paulus skryf aan die Korintiërs (2 Kor 3:4-6) dat ons deur Christus ten volle op God vertrou, en sê verder: "Ons bekwaamheid kom van God wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees..."
Ons doen dit verder met die besef dat God aan sy kerk die evangelie gegee het, en die boodskap van die versoening aan die kerk toevertrou het (2 Kor 5:19).
In die wêreld en in die tydsgewrig waarin ons ons tans in Suid-Afrika bevind, is die verkondiging van hierdie evangelie van versoening absoluut noodsaaklik. Daarom is ons enersyds dankbaar om met opleiding van geroepe dienaars besig te wees, en andersyds bewus van die geweldige verantwoordelikheid wat op ons skouers rus.

*Beplanning*

Die omstandighede in ons land bring nuwe uitdagings, heelwat verleenthede maar ook nuwe geleenthede na vore. Ons wil u verseker dat ons aktief en selfs pro-aktief besig is met aanpassings en beplanning, soos u uit die Rapport van die Kuratore kan bemerk.

*Gereformeerde teologie*

Die Teologiese Skool asook die Fakulteit Teologie het in die afgelope twee jaar besonder hard gewerk en ons kan getuig dat die Here ons veral met die inskakeling van die Hammanskraalse en Heidelbergse Teologiese Skole ryklik geseën het.
Die Gereformeerde Teologie word steeds uitgesproke aan ons Skool en Fakulteit gehandhaaf en uitgebou. Dit het selfs gebeur dat vanaf die kant van die Fakulteit ooreenkomste aangegaan is met ander

teologiese inrigtings of skole waar ons kursusse aangebied word, waardeur die gereformeerde teologie al wyer uitgedra word.
*Dankbetuiging*
Namens die Teologiese Skool bedank ons die kerke van harte vir die volgehoue voorbidding, betrokkenheid, ondersteuning en liefde wat ons van u ontvang.
*Groete en seënwense*
Ons groet u in die Naam van Jesus Christus as die Hoof en Koning van sy kerk en koninkryk, en ons bede is dat u 'n geseënde vergadering sal hê. Mag Christus die eintlike voorsitter van die Sinode wees, en mag sy Gees u lei in al die besluite - ook besluite wat in belang van opleiding geneem moet word. Ons hoop u het 'n aangename verblyf in ons midde.
2.1.5 Sinode Soutpansberg - Ds. F. Maguga (Art.24)
Die Voorsitter verwelkom ds. F. Maguga en ds. S. Nefefe van Sinode Soutpansberg in die vergadering.
Nadat oudl. J.R. Boot, ds. Maguga aan die vergadering voorgestel het, kry ds. Maguga geleentheid om groete oor te bring, waarna oudl. Boot hom bedank.
2.1.6 PU vir CHO - prof. C.J. Reinecke (Art.46)
Die Voorsitter stel prof. C.J. Reinecke aan die woord.
Hy stel die nuwe uitdagings en probleme wat die PU vir CHO as Christelike Universiteit in die veranderde Suid-Afrika ervaar en die noodsaak om gerugsteun te word deur ‘n simpatieke Christelike gemeenskap.
Daar word geleentheid gebied om vrae te stel.
Ds. T.A. Liebenberg bedank hom paslik. Prof. Reinecke word ook gelukgewens met die toekenning van ‘n eredoktorsgraad in Teologie deur die Universiteit Busan in Korea.
2.2 *Afgevaardigdes ander Kerke/Sinodes*
2.2.1 Prof. J.W. Maris Christelijke Gereformeerde Kerken Nederland (Artt.68, 73)
Prof. J.W. Maris van die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland word hartlik verwelkom.
Dr. M.J. du Plessis stel prof. J.W. Maris van die CGK aan die Sinode voor en spreek ook die dank van die Sinode uit nadat prof. Maris sy groeteboodskap gelewer het.
2.2.2 Ds. P. Busstra NGK (Artt.73, 143)
Dr. M.J. du Plessis stel ds. P. Busstra van die NGK aan die Sinode voor en spreek ook die dank van die Sinode uit nadat prof. Maris sy groeteboodskap gelewer het.

2.2.3 Ds. Boessenkool - Vrije Gereformeerde Kerk (Art.208)
Prof. J.H. van Wyk stel ds. Boessenkool aan die vergadering voor en hy kry geleentheid om die Sinode toe te spreek.

Prof. Van Wyk rig ‘n dankwoord aan ds. Boessenkool.
2.3 *Telegramme/Fakse* (Artt.13, 142, 192)
Van die volgende is skriftelike seënwense op die werksaamhede ontvang:
Br. G. Swanepoel (Vereeninig-Oos) - ‘n faks waarin die Sinode seën en sterkte toegebid word.
Dr. J. Postma, ds. J.J.F. Bezuidenhout, namens Kommissaris Korrektiewe Dienste, Ds. G.J. van S. Roos en Kerkraad van Eendracht, ds. B. Companie van Steynsburg.
Seënwense word oorgedra deur Geref. Kerk Lichtenburg en prof. M.A. Kruger.
2.4 *Mosies en gelukwensinge* (Artt.11, 26, 93, 97, 117, 119, 135, 157, 158, 215, 219
2.4.1 Geluk- en seënwense aan die volgende:
6 Januarie 1997 - Ds. Arnold Mulder, ds. J.L. du Plooy en oudl. F van der Walt (Orkney) word gelukgewens met hulle verjaardae
7 Januarie 1997 - Br. Sias Knoesen word gelukgewens met sy verjaardag.
9 Januarie 1997 - Br. T.M. Buys word gelukgewens met sy 37ste huweliksdagherdenking en ds. J. Pretorius met die 4de herdenking.
10 Januarie 1997 - Ds. Johan Schutte, ds. J.P.L. van der Walt en een van die kosters, br. Louw Venter word gelukgewens met hulle verjaardae.
Ds. J.L. Myburg word gelukgewens met die toekenning van die Eugene Marais-prys vir sy digbundel “Kontravak”.
13 Januarie 1997 - Ds. J.P. Bingle word gelukgewens met sy verjaardag asook oudl. P.J. van Eeden wat Sondag 12 Januarie 1997 verjaar het.
15 Januarie 1997 - Ds. P. Venter word gelukgewens met sy verjaardag.
Gelukwense aan ds. J.G.L. van der Walt (Oudtshoorn) en ds. H.W. Schutte (Walvisbaai) wat in die Huwelik getree het.
2.4.2 Die Sinode aanvaar die volgende mosies van meelewing:
1. Meegevoel met die gesinne/families van die volgende dierbares wat oorlede is:
Ds. Alwyn Smit, ds. Hennie van der Walt, Mev. Bets Linde, skoonvader van prof. Rassie Smit, kindjie van ds. en mev. Ben Fourie, skoonmoeder van oudl. Gerhard Scholtemeijer, skoonvader van ds. Daan Bakker, vader en skoonvader van ds. en mev. A.Z. Pelser (prof. S.P. van der Walt) en vader van ds. Pieter van der Walt, seun van ds. en mev. Rodney van Wyk, oudl. Awie Erasmus, dogter van ds. en mev. Thos Liebenberg, Abri, seun van ds. en mev. F.R.P. de Bruyn, eggenote van ds. H.B. van der Walt, eggenote van ds. Hennie Schutte, mev. Dollie du Plooy, dr. Wynand van der Merwe, skoonmoeder van ds. J. Lion-Cachet, suster van oudl. Jannie van Wyk, vader van ds. S.F.F. van der Walt, vader van dr. F.R.P. de

Bruyn, moeder en skoonmoeder van ds. Herman Venter, vader van ds. M.P. Harris, skoonmoeder van ds. Frik van Deventer, eggenote van ds. P.J.S de Klerk, ds. Stoney Steenkamp, moeder van oudl. J.J. Howell. seun van dr. A.N. Helberg, moeder en vader van ds. J.P.L. van der Walt, skoonmoeder en skoonvader van ds. Jan du Plessis, skoonmoeder van ds. Cassie Aucamp, skoonmoeder van ds. Botha Enslin, moeder en skoonvader van ds. Peet Coetzee, vader van ds. E.J. Tiemensma, vader van prof. J.H. van Wyk, moeder van ds. P. du Plessis (Elandspoort), moeder van ds. Rikus Fick, skoonvader van ds. B. Hattingh, suster van ds. Theron Kruger, vader van ds. M.P. Fourie, brs. L.L. en J.A. Coetzee, swaers van oudl. Loutjie de Bruyn, br. Nico Vorster, vader van prof. Koos Vorster en di. N. Vorster en S.C. Vorster, moeder van ds. J.L. du Plooy, swaer van dr. F.R.P. de Bruyn, moeder van ds. R.J.P. du Plessis, vader van ds. J.E. Franck.
Die vergadering neem met leedwese kennis van die oorlye van ds. J.N. Charlies van die Geref. Kerk Karoi, op Saterdag 11 Januarie 1997.
Meegevoel word betuig met dr. P.P. Kruger wie se moeder oorlede is (14 Januarie 1997).
2. Meegevoel met die volgende emeriti en/of hulle eggenotes wat sedert die vorige Nasionale Sinode oorlede is:
Mev. L. Kotze, mev. Takkie Schutte, ds.P.J. Venter, ds. J.L. de Bruin, mev. P.J. Snyman, mev. L. de Klerk, prof. P.J. Jooste, mev. H.J. van Wyk, mev. S.M.H. Biewenga.
3. Die volgende wat ernstig siek is of was:
Prof. Jan van der Walt, prof. D.C.S. van der Merwe, dr. W.P. du Plessis, prof. en mev. G.P.L. van der Linde, ds. A.P.C. Duvenage, vader van dr. Jan Ras, oudl. Gerhard Scholtemeijer wie se skoonvader in die hospitaal is.
4. Die volgende het geëmeriteer sedert die vorige Nasionale Sinode:
Prof. B. Spoelstra, ds. A.J. Coetsee, ds. B.D.C. Prinsloo, dr. M. Venter, dr. C.J. Malan, ds. J.A. Jooste, ds. F.R.P. de Bruyn, ds. N. Vorster, ds. A. van der Walt, dr. D.R.. Fouche, ds. S.P.B. Buys, prof. F.N. Lion-Cachet.
5. Die volgende het ernstige aanvalle van misdadigers oorleef:
Oudl. Boet en sr. Nieta van Heerden, oudl. Gerrie Vilonel, oudl. L. en sr. A. de Bruyn, teologiese student Rabson Wuriga, oudl. T.M. Buys, br. George du Plessis (Sinode van 1994 bygewoon), dr Jan Ras se dogter en baba, oudl. Hennie Schoeman, br. Gerrie Jonker (Primrose)
2.4.3 Op die terrein van die breëre samelewing:
Die volgende Mosie word eenparig aanvaar: Die Sinode bedank en loof die Here dat Hy in hierdie besondere tydsgewrig ons kerke weer opnuut bewus gemaak het van die groot roeping en verantwoordelikheid van verbondsouers om toe te sien dat die

opvoeding en onderwys van ons kinders moet en sal geskied in die vrees van die Here ons God.

**3. DAGSLUITINGS**

3.1 Dagsluiting, Maandag 6 Januarie 1997 (Art.20)
Ds. J.P. Coetzee laat sing Ps. 43:3 en 5 en doen ‘n gebed.
3.2 Dagsluiting, Dinsdag 7 Januarie 1997 (Art.60)
Oudl. Pieter Oosthuizen laat sing Ps.84:6 en doen ‘n gebed.
3.3 Dagsluiting, Woensdag 8 Januarie 1997 (Art.91)
Oudl. A.J. Burger laat sing Ps.40:1, 4 en 5 en doen ‘n gebed.
3.4 Dagsluiting, Donderdag 9 Januarie 1997 (Art.115)
Oudl. M.J. Hutcheons laat sing Ps.16:1, 2 en 3 en doen ‘n gebed.
3.5 Dagsluiting, Vrydag 10 Januarie 1997 (Art.139)
Oudl. A Horn laat sing Ps.122:1 en doen ‘n gebed.
3.6 Dagsluiting, Saterdag 11 Januarie 1997 (Art.152)
Oudl. Koot van der Walt laat sing Sb.33:1, 3 en doen ‘n gebed.
3.7 Dagsluiting, Maandag 13 Januarie 1997 (Art.186)
Oudl. Fanie Kruis laat sing Ps.40:4 en doen ‘n gebed.
3.8 Dagsluiting, Dinsdag 14 Januarie 1997 (Art.213)
Oudl. J.R. Boot laat sing Sb.33:1-3 en doen ‘n gebed.

**4. DAGOPENINGS**

4.1 Dagopening, Dinsdag 7 Januarie 1997 (Art.21)
Oudl. W. Snyman lees Jes 41:8-14, laat sing Ps.48:1 en 4 en doen ‘n gebed.
4.2 Dagopening, Woensdag 8 Januarie 1997 (Art.61)
Ds. J.P.L. van der Walt lees Ps 37:23 e.v., laat sing Ps.119:62 en doen ‘n gebed.
4.3 Dagopening, Donderdag 9 Januarie 197 (Art.92)
Ds. J.D. Venter lees Ps 100, laat sing Ps.100:1, 2 en 4 en doen ‘n gebed.
4.4 Dagopening, Vrydag 10 Januarie 1997 (Art.116)
Ds. D. Laufs lees Spreuke 4:20-27, laat sing Sb.28b en doen ‘n gebed.
4.5 Dagopening, Saterdag 11 Januarie 1997 (Art.140)
Ds. A.L. Coetzer lees Fil 4:1-9, laat sing Ps.133:1 en 2 en doen ‘n gebed.
4.6 Dagopening, Maandag 13 Januarie 1997 (Art.153)
Prof. P.J. de Bruyn lees Jak1:5; 3:13-18, laat sing Ps.119:37 en doen ‘n gebed.

4.7 Dagopening, Dinsdag 14 Januarie 1997 (Art.187)
Ds. J.J. de W. Kruger lees 2 Joh, laat sing Ps.116:1, 7, 9 en 10 en doen ‘n gebed.
4.8 Dagopening, Woensdag 15 Januarie 1997 (Art.214)

Ds. A.J. du Plessis lees Josua 24:14 e.v., laat sing Ps.95:1 en 4 en doen ‘n gebed.

**5. DAAGLIKSE PRESENSIE**

5.1 Dinsdag 7 Januarie 1997 (Artt.22, 39)
Die volgende broeders is vir die eerste keer teenwoordig en stem in met die Openlike Verklaring: Oudl. M.J.E. Erasmus, proff. J.H. van Wyk en G.J.C. Jordaan.
Verskoning vir afwesigheid: Vandag : Ds. E.J. Tiemensma
Oggend: Oudl. P.I. Labuschagne (Namibië).
Woensdagoggend (8 Januarie): Ds. D. Postma (skriba).
Ds. R.M. van der Merwe - N-Tvl (sekundus) kry tydelik sittingsreg in die plek van ds. Kobus de Kock na instemming met die Openlike Verklaring.

5.2 Woensdag 8 Januarie 1997 (Art.62)
Verskonings word aangebied vir: Prof. A. le R. du Plooy en oudl. J.M. Earle.

5.3 Donderdag 9 Januarie 1997 (Art.94)
Verskoning vir afwesigheid: ds.P.W.A. Mulder vir vanoggend. Proff. J.C. Coetzee, G.J.C. Jordaan en dr. A.G.S. Venter vir ‘n deel van die oggendsitting. Oudl. A. Horn vir ‘n deel van die oggendsitting.

5.4 Vrydag 10 Januarie 1997 (Artt.120, 133)
Verskoning vir afwesigheid vir Saterdagoggend: ds.P.A. Smit, dr. H.A. van Dalsen.
Vir vandag, vanaand en môre-oggend: ds. P. Venter (Wes-Tvl), vir vandag en Saterdag: ds. J.P.L. van der Walt, vir vanmiddag en Saterdag: dr. I.L. Bekker.
Ds. Etienne Schalekamp (sek.) het tydelik sitting in die plek van ds. J.P.L. van der Walt.
Ds. J.H. Howell sekundus vir ds. P. Venter, het tydelik sittingsreg. Hy stem in met die Openlike Verklaring.

5.5 Dinsdag 14 Januarie 1997 (Art.190)
Verskoning word aangebied vir afwesigheid: oudl. P.G.W. Roets, ds. E.J. Tiemensma, prof. G.J.C. Jordaan, ds. G.J. van Wyk, ds. P.P. Kruger vir ‘n deel van die oggend.

5.6 Woensdag 15 Januarie 1997 (Art.216)
Verskoning vir afwesigheid: Oudl. P.G.W. Roets, ds. C.G. Grobler, oudl. Tjaart van der Walt (in die hospitaal) di. Piet Venter en J.P.L. van der Walt.

**6. BESOEKERS** (Artt.24, 43,62, 159)

6.1 Die Voorsitter verwelkom drs. H. Brinkman, Prof. C.J. Reinecke en mev. Cindy Swanepoel in die vergadering.

6.2 Br. en Sr. G. Erasmus, di. J.S. du Plooy, P.J.S. de Klerk, P.C. Kruger, dr. W.P. du Plessis en br. Tom van Graan.
6.3 Die Voorsitter verwelkom in die vergadering ds. Freek Swanepoel, dr. Willie Botha, ds. Japie du Plessis en ds. Pieter de Wet, almal van die NG Kerk.
6.4 Br. B.G. Kukkuk word deur die Voorsitter verwelkom.

**7. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE** (Artt.64, 95, 121, 155, 191, 217, 246)
7.1 Die adjunk-skriba (dr. C.F.C. Coetzee) stel die Notule en die word vasgestel tot by art.29 (art.64).
7.2 Die Notule word vasgestel tot by art.50. (art.95).
7.3 Die Notule word vasgestel vanaf art.51 tot art.73 (art.121).
7.4 Die Notule word vasgestel vanaf art.74 tot art.127 (art.155).
7.5 Die Notule word vasgestel vanaf art.128 tot art.152 nadat ‘n korreksie aangebring is by art.122 (art.191).
7.6 Die Notule word vasgestel vanaf art.153 tot art.202. Artikel 166 staan oor (art.217).
7.7 Die Notule art.166 word vasgestel asook vanaf art.203 tot 243. Die res van die Notule word verwys na die Deputate vir die Uitgee van die Handelinge (art.246).

**8. RAPPORT VAN DIE ROEPENDE KERKRAAD** (Art.8)
A. Dr. B.J. de Klerk stel die Rapport.
**B. RAPPORT**
Die Roepende Kerkraad rapporteer soos volg oor die oproep en ontvangs van die Nasionale Sinode 1997.
**1. Oproep**
Die oproep van die Sinode is vroegtydig in *Die Kerkblad* (29 Mei 1996) gepubliseer, terwyl oproepe later aan al die Deputate vir Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes gestuur is.
**2. Kredensiebriewe**
Hieroor sal tydens die vergadering gerapporteer word.
**3. Huisvesting**
Die Universiteitskoshuis, Klawerhof, is tot die beskikking van die Roepende Kerkraad gestel. Die afgevaardigdes kan volgens keuse saam met 'n kamermaat geplaas word. Die eetsaal van Oosterhof (naas Klawerhof) word deur die afgevaardigdes gebruik en daar is voorsiening gemaak vir nie-koshuisinwoners om teen vasgestelde tariewe ook in die koshuis te eet. Vir die buitelandse besoekers is ook verblyf gereël en die sportfasiliteite van die Universiteit is tot die beskikking van die afgevaardigdes gestel.
Die Sinodegangers kan van die Universiteitskoshuise gebruik maak van Sondagaand 5 Januarie tot Woensdagmiddag 15 Januarie 1997.
**4. Verversings**

Die susters van die Potchefstroomse gemeentes sal aan die afgevaardigdes koffie, tee en vrugtesap tydens die pouses verskaf.

**5. Godsdiensoefening**

In ooreenstemming met die besluit van die Nasionale Sinode 1967 is gereël dat die Sinode op die openingsaand (6 Januarie 1997) om 19:00 in die kerkgebou van Potchefstroom-Noord saamkom. Die godsdiensoefening staan onder die toesig van Potchefstroom-Noord en prof. F.N. Lion-Cachet, van die Teologiese Skool, sal in die Evangelieverkondiging en gebed voorgaan.

**6. Sittingstye**

Die Roepende Kerkraad beveel, in ooreenstemming met die sittingstye van die vorige Sinode, die volgende tye aan:

Weeksdae: 08:00 - 10:30
10:45 - 12:45
14:30 - 16:00
16:15 - 17.45
19:00 - 21:00

Saterdag: 08:00 - 10:30
10:45 - 12:45

**7. Verwelkoming**

Alle afgevaardigdes en besoekers is hartlik welkom op Potchefstroom en die Roepende Kerkraad sal graag u verblyf so aangenaam as moontlik maak.

Ons bid dat die Here sy seën sal gee sodat hierdie vergadering die instandhouding en groei van die Gereformeerde Kerke sal dien.

C. AANVULLENDE RAPPORT VAN DIE ROEPENDE KERKRAAD

Die Roepende Kerkraad, Potchefstroom-Noord rapporteer aanvullend oor die ontvangs en deputering na die Nasionale Sinode 1997:

1. Kredensiebriewe

Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde bevind.

> **Besluit:** Die Rapport en Aanvullende Rapport word met dank aanvaar. Die Voorsitter bedank dr. De Klerk en die Roepende Kerkraad vir die puik reëlings wat weereens vir die Sinode getref is.

**9. RAPPORT VAN DIE DEPUTATE KORRESPONDENSIE VIR DIE AGENDA** (Art.9)

A. Br. H.S.J. Vorster stel die Rapport.

**B. RAPPORT**

**1. Opdrag** (Acta 1991:60, 5.4)

1.1 Uitnodiging aan kerke, instansies, Sinodes om groete oor te bring

1.2 Uitnodigings te rig om afgevaardigdes te stuur

1.3 Uitnodigings te rig om waarnemers te stuur

1.4 Stukke vir die Agenda te ontvang, te orden, persklaar te maak, te laat druk en aan die afgevaardigdes te stuur

1.5 Die vergadering byeen te roep om die programmering van die Agenda te doen

1.6 SAPA en SABC van die Sinodesitting in kennis te stel.

**2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**

2.1 *Uitnodigings na die Sinode*

2.1.1 Om groete oor te bring (Opdrag 1.1):

Die Sinodes Middellande en Soutpansberg, NG Kerk, NH Kerk, Teologiese Skool Potchefstroom en die Potchefstroomse Universiteit is uitgenooi na die amptelike opening - 6 Januarie 1997 om 19:00. Aangesien tyd beperk is, sal groeteboodskappe vroegtydig versamel word en in die Aanvullende Agenda gepubliseer word.

2.1.2 Om afgevaardigdes te stuur (Opdrag 1.2):

Aan die volgende is uitnodigings gerig:

- Die Gereformeerde Sinodes: Middellande en Soutpansberg (twee afgevaardigdes)
- Free Church of SA (een afgevaardigde).

2.1.3 Om waarnemers te stuur (Opdrag 1.3):

- Church of England in SA (een)
- Die Vrije Gereformeerde Kerk in SA (een)
- GKN (Vrijgemaakt) Nederland (een)
- Orthodox Presbyterian Church, VSA (een)
- Kapelaan-generaal G.H.J. de Witt

2.2 *Stukke vir die Agenda*

2.2.1 Die volgende is in kennis gestel van die besonderhede aangaande die oproep na die Sinode:

- die Deputate deur die Sinode benoem wat spesifieke opdragte gehad het
- die Kuratorium van die Teologiese Skool
- die Partikuliere Sinodes.

Die volgende inligting is gegee:

2.2.1.1 Keerdatum vir Rapporte

- vir die Agenda - 28 Junie 1996
- vir die Aanvullende Agenda - 22 November 1996.

2.2.1.2 Keerdatum vir stukke van die Partikuliere Sinodes - 7 Desember 1996.

2.2.1.3 Inligting oor wat in die Aanvullende Agenda opgeneem mag word (Acta 1967:39, 6 en 7).
2.2.1.4 Riglyne vir die opstel van die Rapporte (Acta 1991:57, 4.4 en 59, 5.3.4).
2.2.2 Kennisgewing in *Die Kerkblad*: Bogenoemde inligting is in *Die Kerkblad* van 29 Mei 1996 gepubliseer.
2.2.3 Die Agenda vir die afgevaardigdes van die Partikuliere Sinodes is direk aan elke Partikuliere Sinode gestuur sodat dit aan die afgevaardigdes beskikbaar gestel kan word. 'n Agenda is ook aan elke kerkraad gestuur.
2.3 *Benoeming van Deputate deur die Partikuliere Sinodes (Opdrag 1.5):* Die Partikuliere Sinodes is versoek om:
2.3.1 Deputate vir Programmering te benoem - een uit elke Partikuliere Sinode asook 'n sekundus. Die vergadering vir dié Deputate is bepaal vir Maandag 6 Januarie 1997 om 09:00.
2.3.2 Deputate vir die Pre-adviserende Kommissie vir Finansies: Ook hier moet 'n primus en sekundus benoem word. Dié Deputate (Kommissie) vergader ook 6 Januarie 1997 om 12:00.
2.3.3 Benoeming vir Regsdeputate vir Advies insake Appèlle en Beswaarskrifte: In terme van die Beskrywingspunt van Part. Sinode Noord-Transvaal (Acta 1991:539/540, 22.19) is die Partikuliere Sinodes ook versoek om een Deputaat te benoem. Hierdie Deputate vergader 6 Januarie 1997 om 09:00.
2.4 *SAPA en SABC* (Opdrag 1.6): 'n Persverklaring is opgestel en uitgereik en spesifiek aan die Godsdiensafdeling van die SABC gestuur.
2.5 *Persverklaring:* Die Agenda word op versoek beskikbaar gestel met die voorbehoud van kopiereg totdat die saak tydens die Sinode gestel word.

**3. Finansies**
Die Agenda is deur die Administratiewe Buro saamgestel, gedruk en gebind en die koste daarvan teen die begroting vir die Sinodekoste gedebiteer. Om koste bespaar is dit weer in A4-formaat gedupliseer.

**4. Hantering van Kommissierapporte en Notule**
Om die Handelinge maklik saam te stel word versoek dat dieselfde verwysings gebruik word soos wat dit in die Agenda en Aanvullende Agenda aangegee word, bv. Agenda = A, en Aanvullende Agenda = AA. Gestel die Rapport van die Deputate vir Emeritaatsversorging is in die Agenda 12.1, dan sal dit in die AA ook 12.1 wees. Die Kommissie rapporteer en verwys na A12.1 en AA12.1. In die Notule word dan by elke artikel die saak ook so aangegee nl.:

Artikel 26
A 12.1 Rapport Deputate vir Emeritaatsversorging
AA 12.1 Aanvullende Rapport .....

**Besluit:** .....

Dit sal veroorsaak dat regstellings maklik op die woordverwerker aangebring en die besluite daaroor ingevoeg word. 'n Kronologiese lys van artikels word gegee en 'n indeks saamgestel.

**5. Aanvullende Rapport**
Die Deputate sal aanvullend rapporteer in die Aanvullende Agenda.
**Besluit:** Van die hele Rapport word kennis geneem.

C. AANVULLENDE RAPPORT VAN DIE DEPUTATE KORRESPONDENSIE VIR DIE AGENDA
**1. Opdrag** (Agenda p.2).

**2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**
2.1 *Groeteboodskappe ontvang vir die amptelike opening*
2.1.1 Die volgende persone het groeteboodskappe gestuur wat in die Handelinge opgeneem sal word: (Boodskappe word weens tydsbeperking nie oorgebring nie)
- Groeteboodskap van die Rektor van die Teologiese Skool Potchefstroom
- Groeteboodskap van die Skriba van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
- Groeteboodskap van die Voorsitter van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Aanbeveling: Kennis geneem.
2.1.2 Uitnodigings om groeteboodskappe te stuur, waarop nog geen antwoord ontvang is nie: Die uitnodigings is op 1 Desember 1996 weer per faks herhaal.
Sinode Soutpansberg
Sinode Middellande
Rektor - PU vir CHO
Aanbeveling: Met spyt kennis geneem.
2.2 *Uitnodiging om 'n waarnemer te stuur*
2.2.1 Geen antwoord is van die volgende ontvang nie:
- Church of England in SA
- Die Vrije Gereformeerde Kerk in SA
- GKN (Vrijgemaakt) Nederland
- Orthodox Presbyterian Church, Amerika

Aanbeveling: Kennis geneem.
2.3 *Benoemings van Partikuliere Sinodes*
2.3.1 <u>Regsdeputate vir Advies insake Appèlle en Beswaarskrifte</u>
Die volgende benoemings is ontvang en aan die Voorsitter, ds. F.J. du T. Lessing deurgegee:

| | | |
|---|---|---|
| Noordwes | Dr. S.J. van der Merwe | |
| Namibië | Ds. L.S.D. du Plessis | |
| Oos-Transvaal | Dr. D.J.S. Steyn (p) | Ds. W.L. Kuperus (s) |

| | | |
|---|---|---|
| Noord-Transvaal | Dr. N.P. Heystek (p) | Ds. P.A. Smit (s) |
| Wes-Transvaal | Dr. C.J. Smit | |
| OVS en Natal | Ds. P.A. Coetzee | |
| Suidelike | Dr. H.A. van Dalsen | |

Die ander lede benoem deur Sinode 1994 is di. F.J. du T. Lessing (V), E.J. Tiemensma, A.Z. Pelser.

2.3.2 Deputate vir Programmering

| | | |
|---|---|---|
| Noordwes | Dr. J.L. Ras | |
| Namibië | Geen | |
| Oos-Transvaal | Ds. L.H. van Schaik (p) | Ds. D. Laufs (s) |
| Noord-Transvaal | Br. W.J. Cilliers (p) | Dr. P.P. Kruger (s) |
| Wes-Transvaal | Br. J.P. Aucamp | |
| OVS en Natal | Ds. A.L. Coetzer | |
| Suidelike | Ds. J.A. Schutte | |

Moderamen van 1994-Sinode:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dr. C.J. Malan |
| Ondervoorsitter | Dr. J. Visser |
| Skriba | Ds. D. Postma |
| Adjunk-skriba | Dr. C.F.C. Coetzee |

2.3.3 Pre-Advies Kommissie vir Finansies

| | | |
|---|---|---|
| Noordwes | Br. J.J. Howell | |
| Namibië | Geen | |
| Oos-Transvaal | Ds. M.P. Fourie (p) | Ds. F.J. van Deventer (s) |
| Noord-Transvaal | Ds. A. Myburg (p) | Dr. J.L. Venter (s) |
| Wes-Transvaal | Br. G. Scholtemeijer | |
| OVS en Natal | Ds. J.J. de W. Kruger | |
| Suidelike | Br. W.D. van der Walt | |

Die ander lede is: Namens die Bestuur van die Administratiewe Buro:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dr. J. Visser |
| Ondervoorsitter | Dr. B.J. de Klerk |

Twee vakkundiges deur die Bestuur benoem:
Br. J.J. Howell (p), prof. T. Eloff (p)
Br. S.J van der Merwe (s), die Direkteur van die Administratiewe Buro.
Aanbeveling: Kennis geneem van die benoemings.

**Besluit:** Van pte.1 en 2 word kennis geneem.

**3. Sake waaroor die Sinode moet besluit**

3.1 *Aanvullende Rapporte wat na die keerdatum ontvang is*

Daar is twee Aanvullende Rapporte wat na die keerdatum ontvang is. Beide is opgeneem in die Aanvullende Agenda.

Aanbeveling: Deputate word versoek om ag te gee op die keerdatums vir Rapporte en toe te sien dat die Rapporte betyds ingedien word.
3.2 *Skryfbehoeftes vir die Sinode*
Br. J.P. Aucamp van SANLAM het gereël dat lêers, penne, naamspelde en skryfpapier aan die afgevaardiges beskikbaar gestel word.
Aanbeveling: Die Sinode spreek sy dank uit teenoor SANLAM en br. Aucamp vir die reëlings soos vermeld.

**Besluit:** Goedgekeur. Die Sinode aanvaar die voorgelegde stukke as Agenda van die vergadering. Laatgekome stukke moet aan die Ordekommissie voorgelê word.

## 10. RAPPORT VAN DEPUTATE VIR DIE PROGRAMMERING VAN DIE AGENDA (Art.10)

A. Dr. J.L. Ras stel die Rapport.

**B. RAPPORT**

**1. Opdrag**

U vind die opdrag in die Handelinge Sinode 1979, art.76, D.3.1.5, p.301 - "3.1.5.1. Die Voorsitter van die Deputate vir Korrespondensie, die Ondervoorsitter en Skribas van die vorige Sinode en een lid van elke Partikuliere Sinode moet 'n dag voor die opening van die Sinode die Agenda sorgvuldig deurwerk met die oog op rangskikking, groepering en programmering van die Agenda volgens die aantal werksdae wat vergader moet of kan of mag word. By die opening word die program aan alle Deputate ter hand gestel.
3.1.5.2. Die Deputate in 3.1.5.1 genoem stel voor die opening van die Sinode uit die kredensiebriewe en uit die agendastukke tentatief vas vir welke sake sekerlik, waarskynlik en/of moontlik kommissies benoem sal word, en doen die personeel vir die kommissies aan die hand. Sinvolle reëlings moet getref word sodat die Sinode en sy kommissies op verskillende tye kan vergader".
En Sinode 1988 art.9, p.27, pt.2.5.13 - "Die samestelling van die Deputate vir programmering sal voortaan bestaan uit die volle Moderamen van die vorige Sinode en die afgevaardigdes van die Part. Sinodes."
Die opdragte van Sinode 1991:491-494 en 1994:726-728 is deur u Deputate in hierdie Rapport verwerk .

**Besluit:** Kennis geneem.

**2. Werkswyse**

2.1 U Deputate, drr. J. Visser , C.F.C. Coetzee en ds. D. Postma (aldrie van die Moderamen Sinode 1994) en die afgevaardigdes dr. J.L. Ras (NW), ds. A.L. Coetzer (OVS/N), ds. L.H. van Schaik (OT), ds. J.A. Schutte (Suidelike), oudl W.J Cilliers (NT), oudl.

J.P. Aucamp (W-Tvl), prof. J.M. Vorster (Deputate vir Korrespondensie (Agenda) en br. H.J.S. Vorster (Admin. Buro - Direkteur) het op 9 Desember 1996 vergader om die voorlopige programmering van die Agenda te doen.
2.2 Om koste te bespaar is niemand uit Namibië vir dié vergadering opgeroep nie.
2.3 U Deputate het op 6 Januarie 1997 vergader en hierdie Rapport saamgestel.

**Besluit:** Kennis geneem.

**3. Sake waaroor die Sinode moet besluit**

3.1 *Ordereëlings*

3.1.1 Die Sinode het 'n **keerdatum** van Woensdag 15 Januarie 1997. Daarom word, vir die deeglike en spoedige behandeling van die werk, die aandag gevestig op 'n besluit van Sinode 1979, art.8, A2.9, p.15 - "Die Moderamen hou vroegtydig vooraf 'n samespreking met die Rapporteurs van Rapporte en die Toeligters van Beskrywingspunte om duidelik onder hulle aandag te bring dat alle sake wat in die Agenda en Aanvullende Agenda gedruk is, as gelees beskou moet word. Die toeligting moet in ooreenstemming wees met die riglyne vir die opstel van Rapporte wat deur die Sinode van 1976 neergelê is".
3.1.2 Die Sinode stel dit as ideaal om:
3.1.2.1 die maksimumtyd vir besluitneming beskikbaar te hê.
3.1.2.2 Die volledige Agenda en Aanvullende Agenda teen 9 Januarie 1997 om 16:00 gestel te hê.
3.1.2.3 In Kommissies te vergader 9 Januarie 1997 om 16:00 tot Vrydag 10 Januarie om 8:00.
3.1.3 Die volgende **werkswyse** moet gevolg word:
3.1.3.1 Alle sake in die Agendas word as gelese beskou, daarom kry rapporteurs en/of toeligters 'n kort geleentheid om 'n saak te stel.
3.1.3.2 Sake wat afgehandel kan word, word volledig bespreek en afgehandel.
3.1.3.3 Oor sake wat na Kommissies verwys gaan word, word ‘n kort bespreking of vrae van 2 minute per afgevaardigde toegelaat en beantwoord deur die rapporteur/toeligter.
3.1.3.4 Enige lid van die Sinode wat insette vir bespreking oor ‘n saak wil lewer moet dit by die Kommissies doen. Enige Kommissie wat ‘n adviseur benodig kan ‘n professor nader.
3.1.3.5 Dit word aan die diskresie van die Moderamen en Ordekommissie oorgelaat om reëlings in uitsonderlike sake, bv. Appèlle te tref.
3.1.4 Kommissies:
3.1.4.1 Al die Kommissies vergader Maandagaand 6 Januarie 1997 direk na die sluiting om:
3.1.4.1.1 hulle personeel vas te stel (sien 3.3.7 van hierdie Rapport).

3.1.4.1.2 hulle opdragte te verken
3.1.4.1.3 hulle vergaderplek te kry (sien 3.3.8 van hierdie Rapport)
3.1.4.1.4 inligting insake opstel en nasien van Kommissierapporte by die Adjunk-skriba (Ordekommissie) te kry.
3.1.4.2 Kommissies moet elke geleentheid om te vergader benut, selfs al is sake wat na hulle verwys kan word nog nie gestel nie en moet so vroeg as moontlik die Aanvullende Agenda bestudeer.
3.1.5 Beswaarskrifte wat die inhoud van Rapporte ens. raak, moet eers afgehandel word voordat die ander sake, soos Rapporte e.a. aan die orde kan kom. Kommissies wat Beswaarskrifte behandel sal binne 2 tot 3 dae moet rapporteer en dit sal in die programmering aangedui word.
3.1.6 Alle sake - Rapporte, Beskrywingspunte, Beswaarskrifte - wat oor 'n bepaalde saak handel, word aan een Kommissie toegewys. So 'n Kommissie kan in subkommissies verdeel en daarom is vir sommige Kommissies 'n Skriba en Adjunk-skriba aangewys. Die breë Kommissie moet egter rapporteer. Waar prakties moontlik moet kommissies gereed maak om so gou as moontlik te rapporteer oor sake wat hulle afgehandel het.
3.1.7 Terwille van besparing van reiskoste word die voorsitter van die Deputate/Kuratore versoek om toe te sien dat, waar rapporteurs van Rapporte nie afgevaardig is nie, ‘n lid van daardie Deputate wat as afgevaardigde teenwoordig is, die Rapport sal toelig.

**Besluit:** Pt.3.1 goedgekeur.

3.2 *Spreekbeurte*
3.2.1 Besoekers, behalwe die genoem in 3.2.3, kry **geen** spreekbeurte nie.
3.2.2 Oor buitelandse besoekers en amptelike waarnemers word aanbeveel dat geleentheid om groete oor te bring of die Sinode toe te spreek aan hulle gegee word wanneer die Rapporte waarby hulle direk belang het, behandel word. Hierdie reëlings word na die Moderamen verwys.
3.2.3 Spreekbeurte word ook aanbeveel:
3.2.3.1 by die volgende Rapporte:
3.2.3.1.1 Rapport Teologiese Skole - Rektor PU vir CHO
3.2.3.1.2 Rapport Bybelverspreiding - dr. D. Tolmie
3.2.3.1.3 Rapport Admin. Buro - Mnre. G. Kukkuk en J. Greyling
3.2.3.1.4 Kerklike Tydskrifte - prof. P.W. Buys
3.2.3.2 Vir die volgende:
3.2.3.2.1 Toeligters en rapporteurs wat nie afgevaardig is nie
3.2.3.2.2 Teologiese professore as adviseurs.
3.2.3.2.3 Direkteur van die Admin. Buro.
3.2.4 By die behandeling van sake wat afgehandel kan word, asook Kommissierapporte word slegs EEN spreekbeurt van 3-5 minute volgens 'n naamlys per afgevaardigde toegestaan.
3.2.5 'n Sinjaal sal die spreker op 3 en weer op 5 minute waarsku.

**Besluit:** Goedgekeur met byvoeging van die naam van dr. Kobus Victor (Bybelmedia).

3.3 *Praktiese ordereëlings*

3.3.1 Die Deputate vir die Uitgee van die Handelinge word soos volg aangewys: nl. die Skriba en Adjunk-skriba van die Sinode, drr. B.J. de Klerk, C.J. Smit en C.F.C. Coetzee en br. H.S.J. Vorster.

**Besluit:** Goedgekeur met byvoeging van dr. S.J. van der Walt as sekundus.

3.3.2 Aan die Direkteur van die Admin. Buro/Rekenmeester en die Registrateur TSP en die kosters (teologiese studente) word toestemming gegee om in die vergadering te wees wanneer die Sinode in komitee gaan.

3.3.3 Die professore van die Teologiese Skole voeg hulle as adviseurs by die Kommissies waar ingedeel en soos aangevra.

3.3.4 Stembriefies is by elke sitplek beskikbaar. Afgevaardigdes word versoek om asseblief by inhandiging nie die stembriefies te vou nie.

3.3.5 Aan elke afgevaardigde word 'n A5-geel karton beskikbaar gestel vir gebruik by hoofdelike stemming.

3.3.6 Elke lid van 'n Kommissie moet aantekening hou van die sake wat na hulle verwys word.

3.3.7 Waar van toepassing vervang 'n sekundus afgevaardigde die primus deputaat wanneer laasgenoemde nie beskikbaar is nie.

3.3.8 Kommissies moet hulle streng hou aan die vergaderlokale soos aan hulle toegewys.

3.3.9 Verjaarsdag PU vir CHO en Teologiese Skool Potchefstroom: Dit word aangebied deur die Rektor van die PU in die Alumni-saal op Dinsdag 14 Januarie 1997.

3.3.10 Dat die Voorsitter van die Sinode 'n dankwoord rig aan prof. F.N. Lion-Cachet vir die godsdiensoefening en dat ds. D. Postma almal bedank wat groete oorbring.

3.3.11 <u>Kommissie vir benoeming van Deputate:</u>

3.3.11.1 Hierdie Kommissie lewer so gou as moontlik 'n Rapport. Hierdie Rapport word slegs uitgedeel aan die afgevaardigdes, maar word nie behandel nie. Die afgevaardigdes neem kennis, lewer kommentaar en doen voorstelle **aan die Kommissie**. Die Kommissie evalueer bogenoemde en stel dan 'n finale Rapport op. Die finale Rapport word nie weer deur die Sinode gewysig nie.

3.3.11.2 Vir hulle Rapport moet die Kommissie die volgende in aanmerking neem:

a. Die aanbevelings van name soos deur die Kerke voorgestel en wat beskikbaar is by die Direkteur van die Admin. Buro.

b. Die personeel moet sover as moontlik tot 4 lede beperk word ter wille van reiskoste en die moontlike gebruikmaking van telefoonkonferensies.

c. Deputate moet sover as moontlik streeksgewys saamgestel word om reiskoste te bespaar. Waar 'n primus deputaat verhuis uit die streek, kan sy sekundus vir die res van die termyn opgeroep word.
d. Geen emeriti of - professore moet in die Deputategroepe benoem word nie. Dienende professore moet sover as moontlik nie op Deputategroepe aangewys word nie (Sien Acta 1979:179, 8.4).
e. Die bepalings vir die samestelling van die Bestuur van die Admin. Buro (vgl. Handelinge 1985:214 e.v.) en moontlik ook ander Deputategroepe.
f. Die Kommissie moet sorgdra dat ten minste een van sy lede permanent in die vergadering is, sodat die **opdragte** aan Deputategroepe behoorlik en volledig aangeteken kan word.
3.3.12 Die praktyk het getoon dat die huidige gebruik wat gevolg word dat die Deputate Korrespondensie met die Sentrale- en Streeksowerhede ook optree as Deputate Korrespondensie (Agenda) probleme lewer.
U Deputate beveel aan dat:
3.3.12.1 ‘n Aparte Deputategroep benoem word om die werksaamhede vir die Sinode (Agenda) te behartig
3.3.12.2 Dat die opdragte aan die benoemde Deputate soos vervat in artikels 5.4 tot 5.9 van die Rapport van die Deputate Korrespondensie met die Sentrale- en Streeksowerhede aan die benoemde Deputategroep opgedra word
3.3.12.3 Die benoemde Deputategroep moet saamgestel word uit lede wat in of naby Potchefstroom woonagtig is
3.3.12.4 Dat die benaming van die Deputate Korrespondensie met die Sentrale- en Streeksowerhede verander na Deputate Skakeling met die Sentrale- en Streeksowerhede.
3.3.13 Ontvangs van sprekers wat groeteboodskappe bring:
Middellande en Soutpansberg - dr. S.J. van der Merwe
NG Kerk - dr. C.F.C. Coetzee
NH Kerk - prof. J.M. Vorster.
3.3.14 Ds. D. Postma sal die geskrewe groeteboodskappe van die NG en NH Kerk voorlees, en namens die Sinode ‘n dankwoord spreek oor alle groeteboodskappe.
**Aanbeveling:**
Dat die Sinode die vorige besluit i.v.m. die oordra van groeteboodskappe van die NG en NH Kerke soos volg verander:
1. Aan ‘n afgevaardigde van die NG en NH Kerke asook Sinode Middellande en Sinode Soutpansberg, elk ‘n 5-minute geleentheid gegee word om tydens die amptelike opening die onderskeie Kerke se groeteboodskappe oor te bring, benewens die geskrewe groeteboodskappe.
**Motivering:**
Die aanbeveling van die Deputate is dat die Interkerklike kontak tog op hierdie wyse tot sy reg sal kom.

**Besluit:** Pte.3.3.2 tot 3.3.14 word soos gewysig goedgekeur (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

3.3.15 Programmering

Die Sinode besluit t.o.v. die Deputate vir programmering soos volg gewysig word: 'n Voorsitter en Skriba (kundige persone) deur die Sinode aangewys word om saam met een Deputaat per Part. Sinode die programmering van die Agenda te doen.

**Besluit:** Goedgekeur.

3.4 *Benoeming van Kommissies*

3.4.1 ORDEKOMMISSIE

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | Programmering van die Agenda<br>Sal ook optree as Telkommissie |
| Vergaderplek | : | Klawerhof |
| Voorsitter | : | Ondervoorsitter van Sinode |
| Skriba | : | Dr. J.L. Ras |
| Adjunk-skriba | : | Ds. L.H. van Schaik |
| Lede | : | Di. D. Lartz en C.A. Jansen<br>Oudll. W.J. Cilliers (NT), S.H. Gair (OT), J.P. Aucamp (WT) |

3.4.2 APPèLSKRIFTE KOMMISSIE

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A6.1.1, A6.1.2, AA6.1.4, AA6.1.5 |
| Vergaderplek | : | Poskamer P.17 |
| Voorsitter | : | Dr. C.J. Smit |
| Skriba | : | Ds. P.A. Coetzee |
| Adjunk-skriba | : | Ds. A.L. Coetzer |
| Lede | : | Di. T. Kruger en R.L. Vorster,<br>Oudll. T.F. Snyman (OT), L.A. de Bruyn (NW), P.G.W. Roets (WT), M.J. Pretorius (O+N sek.) |
| Adviseur | : | Prof. A. le R. du Plooy |

3.4.3 BESWAARSKRIFTE KOMMISSIE

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A20.3, AA15.9, AA15.10<br>AA15.14, AA20.5 |
| Vergaderplek | : | Suidkantoor P.16 |
| Voorsitter | : | Dr. S.J. van der Merwe |
| Skriba | : | Ds. S.D. Snyman |
| Adjunk-skriba | : | Ds. J.P.B. van der Walt |
| Lede | : | Di. A.P. Kruger en J.B. du Plessis,<br>Oudll. P.I. Labuschagne (N), T.M. Buys (O+N), S.J. Kruis (OT), P. Wouda (WT), P. van Schalkwyk (OT) |

Adviseur : Prof. J.M.Vorster

3.4.4 KERKREGTELIKE SAKE I

Opdrag : A15.3, A15.6, AA15.11, AA15.13
Vergaderplek : TSP Personeelkamer
Voorsitter : Dr. H.A. van Dalsen
Skriba : Ds. J.C. Erasmus
Adjunk-skriba : Ds. L.S.D. du Plessis
Lede : Di. P.K. Lourens en L. v/d M. Vogel
Oudll. H.H. Wright (OT sek.),
M.J. Hutcheons (S), J. Berghout (NT),
F.A. van der Walt (NW), J.F. van der Walt (S)

3.4.5 KERKREGTELIKE SAKE II

Opdrag : A15.5, A15.7, AA15.12, AA15.8
Vergaderplek : TSP Klaskamer 3
Voorsitter : Ds. F.J. du T. Lessing
Skriba : Ds. W.J. Fourie
Adjunk-skriba : Ds. H.J.P. de Beer
Lede : Di. J.J. de Kock en L.J. Buys
Oudll. M.J.J. Erasmus (NT), J.M. Earle (O+N), M.C. Hattingh (WT),
T.J. Duvenhage (NW), S.C. Heystek (O+N)

3.4.6 KERKREGTELIKE SAKE III

Opdrag : A15.4, AA15.4, A19.3, AA7.6
Vergaderplek : TSP Teekamer
Voorsitter : Dr. M.J. du Plessis
Skriba : Ds. R.J.P. du Plessis
Adjunk-skriba : Ds. E.J. Tiemensma
Lede : Ds. J.P. van der Walt
Oudll. P. Buizer (WT), E.R. Dormehl (OT sek), J. Snyman (O+N), L. van der Walt (S)

3.4.7 FINANSIëLE KOMMISSIE

Opdrag : A12.1 - A12.3, AA12.1 - AA12.6
Vergaderplek : Buro, Komiteekamer P.11
Voorsitter : Dr. J. Visser/Dr. B.J. de Klerk
Skriba : Oudl. J.J. Howell
Adjunk-skriba : Ds. M.P. Fourie
Lede : Di. J.J. de W. Kruger en A. Myburg
Oudll. G.J.H. Scholtemeijer (WT), W.D. van der Walt (S) S.J. van der Merwe (Admin. Buro), J.R. Boot (NT)

3.4.8 BENOEMING VAN DEPUTATE

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | Sien Acta 1994:45-46, 3.3.11 |
| Vergaderplek | : | Buro Agterportaal |
| Voorsitter | : | Ds. P.J. van der Walt (O+N) |
| Skriba | : | Dr. D.J.S. Steyn |
| Adjunk-skriba | : | Ds. R.G. Aucamp |
| Lede | : | Di. P.W.A. Mulder, P.A. Smit, G.J. Ligthelm Oudll. C.J.S van der Linde (OT), A.J. du Plessis (WT), A.S. du Plessis (NT), A.J. van Wyk (O+N), J.L. du Plooy (S) |

3.4.9 BYBELVERSPREIDING EN -VERTALING

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A7.2, A7.3, AA7.2, AA7.4, AA7.5 |
| Vergaderplek | : | Buro, Klein Komiteekamer, P.9 |
| Voorsitter | : | Dr. D.G. Breed |
| Skriba | : | Ds. H.L.J. Momberg |
| Adjunk-skriba | : | Ds. A.B. van der Walt |
| Lede | : | Dr. F. van der Walt Oudll. A.J. de Klerk (NW), L.J. Prinsloo (O+N sek), J.A. de Jongh (OT), H. Goodchild (NT), K.S. Haarhoff (WT) |
| Adviseur | : | Prof. J.A. van Rooy |

3.4.10 EKUMENISITEIT I (BUITELANDS)

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A9.1, A9.3, A9.5, AA9.3, AA9.6 |
| Vergaderplek | : | TSP Klaskamer 1 |
| Voorsitter | : | Dr. P.P. Kruger |
| Skriba | : | Dr. A.G.S. Venter |
| Adjunk-skriba | : | Ds. C.S. Grobler |
| Lede | : | Dr. A.N. Helberg, ds. L. du P. van der Vyver (sek), Oudll. E.D. Ras (NT), T.J. van der Walt (O+N), J.F. du Toit (NW sek), F.J. Viljoen (OT) |

3.4.11 EKUMENISITEIT II (BINNELANDSE KERKE)

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A9.2, A9.4, AA9.2 |
| Vergaderplek | : | TSP Klaskamer 2 |
| Voorsitter | : | Dr. P.W. Bingle |
| Skriba | : | Ds. G.J. van Wyk |
| Adjunk-skriba | : | Ds. S.D. de Kock |
| Lede | : | Ds. J. Lion-Cachet Oudll. I.L.J. van Vuuren (WT), J.C.A.C. Labuschagne (N), W.J. Snyman (NT), G.J. Swanepoel (S) |
| Adviseur | : | Prof. J.H. van Wyk |

3.4.12 EMERITAATSVERSORGING

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A10.1, A10.2, AA10.1, AA10.3, AA10.4, AA10.5 |
| Vergaderplek | : | Buro, Personeelkamer P.1 |
| Voorsitter | : | Ds. A.Z. Pelser |
| Skriba | : | Ds. C.J.H. Breed |
| Adjunk-Skriba | : | Ds. H.B. van der Walt |
| Lede | : | Di. J.A. Schutte en S.A. Cilliers<br>Oudll. W.J. Coetzee (OT), H.J. Schoeman (O+N sek), J. Kruger (WT),<br>J.H. Stronkhorst (NT), S.R. Kruger (NW) |

3.4.13 JEUG EN ONDERWYS

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A13.1, A13.2, A13.3, AA13.1, AA13.3 |
| Vergaderplek | : | Ou Teologiese Skool (Sysaal) |
| Voorsitter | : | Ds. A.J. du Plessis |
| Skriba | : | Ds. J.D. Venter |
| Adjunk-skriba | : | Ds. P. Venter |
| Lede | : | Ds. D.J. Malan<br>Oudll. P.J. Snyman (WT), C.D. Kruger, (NW), J.A.E. de Beer (NT),<br>G.C.B. Vilonel (OT), G.J.W. Coetzee (NW) |

3.4.14 LEERSTELLIG I

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A16.2 |
| Vergaderplek | : | Buro, Redakteurskantoor, P.2 |
| Voorsitter | : | Ds. T.A. Liebenberg |
| Skriba | : | Dr. H.G. Stoker |
| Adjunk-skriba | : | Dr. G. Breed |
| Lede | : | Drr. W.C. Opperman, C.F.C. Coetzee en ds. C.G. van der Merwe<br>Oudll. J.H. Grobler (WT), J.L. Steyn (OT sek), J.J. Nel (NT sek), N.J. Ranft (NW sek), P. v/d Wateren (O+N sek),<br>W.J. van der Walt (O+N) |
| Adviseur | : | Prof. P.J. de Bruyn |

3.4.15 LEERSTELLIG II

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A16.1, AA16.1, AA16.3 |
| Vergaderplek | : | Ou Teologiese Skool (Agter Saal) |
| Voorsitter | : | Ds. J.P. Coetzee |
| Skriba | : | Ds. J.P. Bingle |
| Adjunk-skriba | : | Ds. W.C. Vergeer |
| Lede | : | Dr. P. Kruger en ds. D. Postma<br>Oudll. S.P.J. van Vuuren (WT), |

| | | |
|---|---|---|
| | | J.F. Welding (NT), I.J. Knoessen (O+N sek) |
| Adviseur | : | Prof. G.J.C. Jordaan |

3.4.16 LITURGIE I

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A17.1 |
| Vergaderplek | : | Potch-Noord - Konsistorie |
| Voorsitter | : | Dr. N.P. Heystek |
| Skriba | : | Dr. S.J. van der Walt |
| Adjunk-skriba | : | Ds. C. Kruger (sek) |
| Lede | : | Ds. H. Reinecke, Oudll. B.G. Marè (O+N), G.M. Steyn (N), W. van der Walt (S), L. Lessing (OT), A.J. Burger (O+N) |
| Adviseur | : | Prof. F. Denkema |

3.4.17 LITURGIE II

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A17.2 - A17.5, AA17.3, AA17.6, AA17.7 |
| Vergaderplek | : | Potch-Noord - Moederskamer |
| Voorsitter | : | Ds. H.M. Grobler |
| Skriba | : | Dr. I.L. Bekker |
| Adjunk-skriba | : | Ds. J.L. du Plooy |
| Lede | : | Ds. J.L. Myburg Oudll. H.P.A. Coetzee (WT), P.C.Z. Viljoen (NT sek), B.V. Coetzee (S), H.J. Scheeres (S) |
| Adviseur | : | Prof. J.C. Coetzee |

3.4.18 PUBLIKASIES

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A18.1 - A18.7, AA11.2, AA18.5, AA18.7 |
| Vergaderplek | : | Ou Teologiese Skool - Hoofsaal |
| Voorsitter | : | Dr. J.L. Venter |
| Skriba | : | Ds. J.J. de Klerk |
| Adjunk-skriba | : | Ds. T.J. Potgieter |
| Lede | : | Di. W. Vogel, J.L. van der Schyff Oudll. J.P. Esterhuizen (N), P.J. van Eeden (NT), K.J. van den Berg (S), B.J. Kemp (O+N) |

3.4.19 SAMELEWING SAKE

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A19.1, A19.2, A19.4, AA19.1, AA19.5, AA19.6 |
| Vergaderplek | : | Ou Teologiese Skool - Voor klaskamer |
| Voorsitter | : | Ds. G.N.V. Botha |
| Skriba | : | Ds. D. Laufs |
| Adjunk-skriba | : | Ds. F.J. van Deventer |

| | | |
|---|---|---|
| Lede | : | Di. J. Malan en J.P.L. van der Walt<br>Oudll. J.D. de Villiers (OT sek), T. Larney (WT), F.K. van Schalkwyk (NT), J.H. van den Berg (N), C. Potgieter (S), S.C. van der Walt (O+N) |
| Adviseur | : | Prof. J.J.J. van Rensburg |

3.4.20 TEOLOGIESE SKOOL

| | | |
|---|---|---|
| Opdrag | : | A20.1, A20.2, A20.4, AA20.1, AA20.6, AA20.7 |
| Vergaderplek | : | TSP Senaatsaal |
| Voorsitter | : | Dr. F.R.P. de Bruyn |
| Skriba | : | Ds. P.J. van der Walt (OT) |
| Adjunk-skriba | : | Ds. A.H. Mulder (WT) |
| Lede | : | Dr. T. van der Walt (NT), ds. C. Aucamp Oudll. A. Juyn (WT), J.H. van Wyk (S), P.Z.J. van Vuuren (N), P.C. Oosthuizen (OT) |
| Adviseur | : | Prof. C.J.H. Venter |

3.4.21 PERSKOMMISSIE

| | |
|---|---|
| Opdrag | Skakeling met SAPA, SAUK, SATV in oorleg met Moderamen |
| Vergaderplek | Sinodesaal |
| Voorsitter | Ds. L.D. Aucamp |
| Skriba: | Oudl. G.J. Oosthuizen |

**Besluit:** Pt.3.4 word goedgekeur met die volgende wysigings: Voeg die naam van dr. T. van der Walt in as Voorsitter van die Ordekommissie (3.4.1). By 3.4.3 word oudl. P. Wouda vervang met oudl. P.J. (Flip) Snyman (albei WT). Skrap die name van dr. J. Visser (3.4.7) dr. C.F.C. Coetzee (3.4.14), ds. D. Postma (3.4.15) en dr. T. van der Walt (3.4.20).

11. RAPPORT VAN DIE PERSKOMMISSIE (Art.232)

A. Ds. L.D. Aucamp rapporteer namens die Kommissie

**B. RAPPORT**

**1. Opdrag**

Skakeling met SAPA, SAUK, SABC-TV.

**Besluit:** Kennis geneem.

**2. Sake vir kennisname**

2.1 *SAPA*

2.1.1 Die skakeling met SAPA het grootliks bevredigend verloop. Daar is voortdurend van hulle kant met die Kommissie kontak gehou. Die Kommissie het in ‘n groot mate vooraf insig gehad in

die berigte wat deurgestuur is en waar nodig is wysigings aanbeveel en deur hulle aanvaar.
2.1.2 Vir die eerste keer in die geskiedenis (sover ons kon vasstel) het 'n verteenwoordiger van die *Sunday Times* die Sinode bygewoon.
2.1.3 Die beriggewers het, nadat met hulle gesprek gevoer is, sover gegaan om kontak te maak met hulle redakteurs oor ongelukkighede soos "Doppers" en dat met hulle reg te stel.
2.1.4 Die gesindheid van verslaggewers was uitstekend en het dit vir u Kommissie maklik gemaak.
2.1.5 Berigte oor hierdie Sinode het na ons wete in ten minste 8 koerante en hulle filiale verskyn.
2.2 *SAUK (e.a. uitsaai-instansies)*
2.2.1 Die SAUK het werklik uit hulle pad uit gegaan om dekking aan hierdie Sinode te verleen.
2.2.1.1 'n Volle 50 minute is aan 'n voorskou op die Sinode in die program "*Kollig op die Kerk"* afgestaan.
2.2.1.2 In *Kollig op die Kerk* is ook 'n breedvoerige vordering van die Sinodesitting gegee.
2.2.1.3 In *Kollig op die Kerk* sal DV eerskomende Sondag 'n breedvoerige terugskou op die Sinode gegee word.
2.2.1.4 In die program *Oopgesprek* is 'n halfuurlange onderhoud met prof. F.N. Lion-Cachet gevoer na aanleiding van die offisiële opening.
2.2.1.5 Die program *Oopgesprek* sal DV eerskomende Sondagaand tussen 20:30 en 21:00 volledig aan die Sinode se verloop aandag gee.
2.2.1.6 Berigte is deur u Kommissie gereeld na RSG en Radio Pretoria deurgestuur en in die meeste gevalle in nuusbulletins uitgesaai (soms by herhaling).
2.3 *SABC-TV*
2.3.1 Die deure is aanvanklik van die kant van SABC-TV heeltemal toegemaak met die verskoning dat daar nie personeel beskikbaar is om uit te stuur nie.
2.3.2 Na heelwat oproepe en navrae is kontak gemaak met mnr. Piet du Plessis - Uitvoerende Regisseur Afrikaanse TV-Nuus. Hy was gewillig om berigte per faks te ontvang vir "stemuitsendings" oor TV-Nuus. Kontak is toe gemaak met mnr. Andre Geldenhuys van die Departement Bedryfskommunikasie van die PU vir CHO. Hy het video-opnames gemaak wat as beeldmateriaal saam met die nuusuitsendings gebruik is.
2.3.3 In die lig van die genoemde omstandighede is u Kommissie tevrede met die TV-dekking wat wel ontvang is.

**Besluit:** Goedgekeur.

**3. Sake waaroor die Sinode besluit**

3.1 Die Sinode bedank die media vir die uitvoerige dekking wat aan hierdie Sinodesitting verleen is.
3.2 Die Sinode wys by die volgende Sinode weer ‘n Perskommissie aan met die opdrag om:
3.2.1 Kontak te hou met verslaggewers
3.2.2 sorg te dra dat berigte deurgegee word aan radiostasies en die TV
3.3.3 terugvoering aan die media te gee oor hulle beriggewing
3.3.4 staande die vergadering rapport te lewer oor hulle werk.
**Besluit:** Goedgekeur.